

**Laerskool Kruinsig
Afrikaans Huistaal Gr.5**

Datum: 12 Maart 2018

Tyd: 40 minute

Eksaminator: A. Heydenrych

Moderator:

M. Snyman

Instruksies:

- ♥ Skryf netjies en leesbaar.
- ♥ **DAAR IS EEN LEESSTUK VIR ALBEI AFDELINGS!**
- ♥ Maak dubbel seker van jou spelling!
- ♥ Beantwoord al die afdelings.
- ♥ Maak seker jou NAAM is op.



Afdeling A :
15

Afdeling B :
20

Gebruik dieselfde leesstuk om die vrae in Afdeling A en B te beantwoord.

Wilde Wanda, die ouma met skop.

(1) Daar was eendag 'n baie wilde, ongewone ouma. (2) Haar naam was Wanda en sy was 'n **weduwee**. (3) Sy was tagtig jaar oud en heeltetal anders as ander oumas. (4) Sy het al tien operasies gehad om haar vet weg te sny en haar vel glad te maak. (5) Sy het soos 'n tiener op haar rolskaatse rondgejaag en tienerhemde en -broeke gedra. (6) Sy het na tienermusiek soos Justin Bieber en Ed Sheeran geluister. (7) Sy het nooit self kos gemaak nie. (8) Sy het elke aand kos gekoop by McDonald's, Steers of Nando's. (9) Op 'n dag het sy teen 80 kilometer per uur oor 'n rooi verkeerslig gejaag. (10) Die verkeerslig se naam was Ouboet. (11) Ouboet het 'n klomp foto's van Wanda geneem en dit vir die koerante gestuur. (12) Die volgende dag sien sy haarself in die koerant en lees:

13/03/2018

NUUS

(13) Ouma jaag teen 80 kilometer per uur oor rooi verkeerslig!




(14) Kempton Park

(15) Gistermiddag het 'n ouma op rolskaatse saam met haar hond teen 80 km per uur oor 'n rooi verkeerslig gery!

(16) Die ouma met pienk hare, het tienerklere gedra. (17) Haar hele lyf is vol tatoeëermerke. (18) Sy lyk na alles wat 'n kind nie in 'n ouma wil hê nie.

(19) Indien enige iemand oor inligting beskik om hierdie ouma op te spoor, tree asseblief dadelik met sersant Johan Koekemoer in verbinding.

(20) Sersant Koekemoer kan op sy selfoon gekontak word op die volgende nummer: 095 465 3456.



(21) Ons lewer gratis af!
Skakel 0800 719 729 om jou bestelling te plaas!

(22) Ouma Wanda was baie geskok toe sy die berig in die koerant sien. (23) Sy gaan na Ouboet en praat met hom. (24) Sy kom agter dat hy **'n hart van goud** het. (25) Sy vertel hom dat sy eintlik net 'n normale ouma wil wees. (26) Sy het nie meer geld vir funky klere en uiteet nie. (27) Sy kan nie meer vir haarself sorg nie. (28) Sy het al haar geld gemors. (29) Sy skaam haar **dood** vir haar foto wat in die koerant verskyn het. (30) Ouboet besluit om haar te help. (31) Hy gee vir haar 'n spesiale uitveër wat hy by Checkers gekoop het. (32) Wanda moet haar hele lewensverhaal neerskryf en daarna moet sy dit met die uitveër uitvee. (33) Haar hele lewe sal dan dadelik verander. (34) Wanda het alles presies gedoen soos wat Ouboet gesê het. (35) Van daardie dag af was sy 'n ouma **wat haar man kon staan**. (36) Sy het van toe af saam met haar kleinkinders televisie gekyk en vir hulle koekies en beskuit gebak. (37) Haar kleinkinders was baie bly, en hulle het gereeld vir haar blomme gebring. (38) Al wat Wanda wou hê was die liefde van haar kleinkinders.

(Storie aangepas uit Platinum Afrikaans Huistaal Graad 5. Woorde: 269)

Afdeling A

Vraag 1:

- a. Wat is die manlike vorm van weduwee? (sin 2) (1)
- b. Wat beteken die uitdrukking **'n hart van goud**? (sin 24) (1)
- c. Wat beteken die uitdrukking **wat haar man kon staan**? (sin 35) (1)
- d. Gee 'n sinoniem vir die woord **gratis**. (sin 21) (1)
- e. Wat is die intensiewe vorm van **dood**? (sin 29) (1)

[5]

Vraag 2

- a. Verander die onderstaande sin in 'n vraagsin:
Die verkeerslig se naam was Ouboet. (sin 10) (1)
- b. Watter tipe sin is die onderstaande sin?
Sy het al haar geld gemors. (sin 28) (1)
- c. Skryf die onderstaande sin in die teenwoordige tyd:
Sy het nooit self kos gemaak nie. (sin 7) (1)
- d. Skryf die onderstaande sin in die toekomstige tyd:
Sy het al haar geld gemors. (sin 28) (1)
- e. Wat is die **samestelling** in sin 6? (1)

[5]

Vraag 3

Wat is die afkortings vir die volgende woorde:

- a. kilometer (sin 9) (1)
- b. nommer (sin 20) (1)
- c. televisie (sin 36) (1)

Wat is die meervoude van die volgende woorde?

- d. ouma (sin 1) (1)
 e. naam (sin 2) (1)

[5]

Totaal 15

Afdeling B

Vraag 1:

Gee voorbeelde uit die leesstuk van die volgende woordsoorte:

- a. soortnaam (sin 1) (1)
 b. eienaam (sin 2) (1)
 c. abstrakte selfstandige naamwoord (sin 38) (1)

Gee versamelname vir die volgende woorde wat in die leesstuk voorkom:

- d. versamelnaam vir beskuit (sin 36) (1)
 e. versamelnaam vir blomme (sin 37) (1)

[5]

Vraag 2:

- a. Onderstreep die stam in die volgende woord: oumas. (sin 3) (1)
 b. Gebruik enige woord om 'n samestelling te vorm met die woord **klere**. (sin 26) (1)
 c. Gebruik die woord **koerant** (sin 29) en vorm 'n afleiding. (1)
 d. Die woord **kleinkinders** (sin 38) bestaan uit twee basisse. Skryf die twee basisse neer. (1)
 e. Skryf 'n **afleiding** uit sin 28 neer. (1)

[5]


Vraag 3:

Vul die regte voorsetsels in:

Wanda praat (a)_____ Ouboet. Sy het nie meer geld (b)_____ te mors nie. Sy koop 'n uitveër (c) _____ Checkers. Sy brei 'n trui (d)_____ haar kleinseun. Sy is tevrede (e)_____ haar nuwe lewe. **[5]**

Vraag 4:

Kosie se pa het 'n brief vir Kosie se juffrou geskryf. Daar is tien foute in die brief. Die foute is onderstreep. Maak die foute reg. **[10 x ½]**

	Fiskaalstraat 4 Glen Marais <u>Kempton park</u> 1619
	14 <u>Februarie</u> 2018
Geagte <u>mefrou</u> <u>brits</u>	
Ek wil jou in kennis stel dat <u>kosie</u> baie siek is. Hy sal nie môre of <u>Vrydag/Frydag</u> by die skool wees nie.	
Hy het gister van sy <u>fiets/viets</u> <u>afgefal/geval</u> . Hy was by die dokter. Hy moet 'n stut kry vir sy <u>foet/voet</u> , maar ek het nog nie tyd <u>gehaad/gehaat/gehad/gehat</u> om dit te kry nie.	
Groete	
	
_____ Meneer Smith	

[5]
Totaal 20